education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 5

AFRIKAANS HUISTAAL

KONTROLETOETS

NOVEMBER 2023

TYD: 1 UUR

PUNTE: 40

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Naam:_____

Graad 5_____

INSTRUKSIES AAN LEERDERS:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 4 vrae:
   - VRAAG 1: BEGRIPSTOETS (15 punte)
   - VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 punte)
   - VRAAG 3: OPSOMMING (5 punte)
   - VRAAG 4: TAALSTRUKTUUR EN -KONVENSIES (10 punte)

2. Lees al die instruksies en vrae noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde.

5. Gee aandag an spelling en sinskonstruksie


6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: BEGRIPSTOETS (15 punte)

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord die vrae.

AFTREEOORD VIR DONKIES

1. Baie mense is steeds vir hulle daaglikse bestaan afhanklik van donkies. Hierdie hardwerkende diere vervoer vandag nog goedere vir hulle eienaars. Baie mense in die plattelandse gebiede is van donkiekarre afhanklik om na ‘n ander plek te reis.

2. 

Eseltjiesrus naby McGregor is 16 jaar gelede gestig toe daar besef is dat daar eerstens ’n veilige hawe vir afgeleefde, verwaarloosde donkies moet wees. Tweedens is dit noodsaaklik om ‘n plek te hê om aan mense hierdie diere se merkwaardige eienskappe, soos getrouheid en nederigheid te wys.

3. Eseltjiesrus bied ’n permanente tuiste en liefdevolle versorging vir donkies wat afgetree het, of verwaarloos of mishandel is. Hier kan hulle hul laaste jare stresvry geniet met donkie-geselskap en liefdevolle versorgers.

4. Die musieklegende, David Kramer, is die Beskermheer van Eseltjiesrus. “Ek het nog altyd ’n sagte plekkie vir donkies gehad,” sê Kramer. “As kind het ek hulle gereeld donkiekarre sien trek. Daar is op hulle geskree en hulle is geslaan. Hulle het altyd so moeg en verwaarloos gelyk. Dit was onregverdig dat hulle so mishandel is.”



5. Kramer het die liedjie “Donkiehemel” geskep en opgeneem om bewustheid te skep van die lot van werkende donkies, asook die welsynswerk wat by Eseltjiesrus plaasvind. “Eseltjiesrus lyk vir ’n mishandelde donkie soos die hemel.” Toe ek eers die idee gehad het, het die liedjie redelik maklik gekom!” **“Donkiehemel**” is op Wêrelddonkiedag, 8 Mei, bekend gestel. Luister gerus daarna op *YouTube.*

6. Besoekers is welkom. Daar is elke jaar musiekkonserte om geld vir die versorging van die donkies in te samel.

(https://www.litnet.co.za/persverklaring-david-kramer-skryf-en-neem-n-spesiale-liedjie-op-vir-die-donkies-by-eseltjiesrus/)

Beantwoord die volgende vrae in volsinne, tensy anders gevra:

1.1 Noem twee soorte werke wat donkies vandag nog doen. (2)

_____

_____

1.2 Wat kan voorheen mishandelde en verwaarloosde donkies op Eseltjiesrus verwag om te kry? (1)

_____

_____

1.3 Som die redes waarom Eseltjiesrus begin is in twee sinne in jou eie woorde op. (2)

_____

_____

_____

_____

1.4 Wie is David Kramer? Omkring die letter van die korrekte antwoord. (1)

A ‘n Boer wat met donkies by McGregor boer.

B ‘n Bekende sanger en liedjieskrywer.

C Die voorsitter van Eseltjiesrus Trust.

D Die eienaar van Eseltjiesrus.

1.5 Watter stelling oor David Kramer is NIE waar nie. Omkring die letter van die korrekte antwoord. (1)

A Hy dink baie donkies word onregverdig behandel.

B Hy het ‘n liedjie oor donkies geskryf.

C Hy is die beskermheer van Eseltjiesrus.

D Hy woon op McGregor.

1.6 Hoekom het David Kramer as kind gedink dat donkies onregverdig behandel is? (1)

_____

_____

1.7 Wat beteken die uitdrukking, “hy het altyd ‘n sagte plekkie vir donkies gehad”? (1)

_____

1.8 Wat is die doel waarom die liedjie, “Donkiehemel” opgeneem is? (1)

_____

_____

1.9 Hoe maak die mense van Eseltjiesrus seker dat genoeg geld beskikbaar is om die donkies te kan versorg? (1)

_____

_____

1.10 Waar kan ‘n mens na die liedjie, “Donkiehemel” luister? (1)

_____

1.11 Dink jy Eseltjiesrus is ‘n geskikte naam vir die plek waar die donkies bly? Sê ja of nee en gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

_____

_____

1.12 Waarom, dink jy, is daar ‘n Wêrelddonkiedag? (1)


_____

_____

[15]

VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 punte)

Bestudeer die teks en beantwoord die vrae.



(https://lapa.co.za/donkie-se-lang-pad-dorp-toe-en-19-ander-fabels)

Vrae

2.1 Wie is die skrywer van die boek? (1)

_____

2.2 Wat kan jy binne-in die boek lees? (1)

_____

2.3 Wie het die tekeninge vir die boek gedoen? (1)

_____

2.4 Bespreek een rede waarom die boek lesers se aandag sal trek? (1)

_____

_____

2.5 Hoe voel die donkie in die illustrasie as jy na sy liggaamstaal kyk? (1)

_____

2.6 Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakkies: (1)
Op die voorblad is daar twee eg Suid-Afrikaanse blomme, naamlik die sterilitzia en die (roos / protea).

2.7 Kyk na die illustrasie op die voorblad. Noem 1 dier wat die donkie op sy lang pad dorp toe ontmoet. (1)

_____

2.8 Watter ooreenkoms is daar tussen die Teks in vraag 1 en die Teks in vraag 2? (1)

_____

_____

2.9 Waarom, dink jy, is die voorblad effektief? (1)

_____

_____

2.10 Sal jy die boek wou lees? Antwoord ja of nee en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

_____

_____

[10]

VRAAG 3: OPSOMMING (5 punte)

Lees die volgende inligting en **maak 'n opsomming in sewe sinne** (nie meer as 50-60 woorde nie) waarin jy die wenke om donkies te versorg opsom.

WENKE VIR DIE VERSORGING VAN DONKIES



Donkies kan wonderlike troeteldiere wees, want hulle is intelligent, hardwerkend en baie sosiaal. Daar is egter 'n paar dinge om te onthou as jy 'n donkie wil aanhou.

Maak genoeg plek vir 'n donkie, soos 'n groot kamp op 'n plaas of 'n plot, want 'n donkie kan nie in 'n klein erfie aangehou word nie.

Voorsien vir donkies 'n skuur waarin hulle snags kan slaap. Die vloere moet van hout wees. Bedek die vloer met strooi vir warmte. Dit is nie reg om donkies buite in die koue te laat bly tydens koue wintersnagte nie.

Gee jou donkies elke dag kos. Donkies eet gras, maar 'n mens kan hulle af en toe met wortels of appels bederf. Hulle dieet moet ryk aan vesel en laag in suiker wees.

Sorg vir genoeg water wat die donkies kan drink. 'n Klein dammetjie of waterkrip is ideaal.

Donkies moet genoeg oefening kry. Hulle kampie moet groot genoeg wees sodat hulle vryelik kan beweeg. Hulle kan ook rondgelei word of voor 'n karretjie ingespan word wat hulle kan trek. Moedig die diere aan deur aan die leisels te trek, maar moet nooit op 'n donkie skree of hom slaan nie.

Hou jou donkie gesond. Maak seker dat hy die nodige inentings kry en dat sy pels skoon en blink is. Indien jy agterkom dat jou donkie siek is, besoek die veearts.

Gee genoeg aandag en liefde aan jou donkies. Hulle hou van aandag. Tree altyd liefdevol en vriendelik teenoor 'n donkie op.

(Aangepas uit: https://uarihes.ru/vrae/6125-donkies-as-troeteldiere-riglyne-en-basiese.html)

_____

_____

_____

_____ **[5]**

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (10 punte)

Lees die fabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die jakkals, die donkie en die leeu se vel

'n Donkie het 'n (**4.1 droog**) leeuvel aangetrek. Hy het rondgeloop en wou al die diere die skrik op die lyf jaag. Die donkie het 'n jakkals **4.2** ___ die pad gekry. Hy het haar ook bang probeer maak. Sy het die donkie gehoor lank voordat sy hom gesien het. mevrou jakkals sê ek sou bang gewees het maar ek het jou gebalk in die verte gehoor

Die les van die storie: Moenie voorgee om iemand te wees wat jy nie is nie! Wees net jouself.

4.1 Skryf die **regte vorm van die byvoeglike naamwoorde** tussen hakies neer: (1)

'n Donkie het 'n (droog) leeuvel aangetrek. _____

4.2 Skryf die **voorsetse**l neer wat uitgelaat is: Die donkie het 'n jakkals _____ die pad gekry. (1)

4.3 Onderstreep die **lidwoord** in die onderstaande sin. (1)

'n Donkie het 'n leeuvel aangetrek.

4.4 **Trappe van vergelyking**: Skryf die woord neer wat uitgelaat is: (1)

bang banger die _____ .

4.5 Verbind die volgende sinne met die **voegwoord** tussen hakies:

Die jakkals was nie bang vir die donkie in 'n leeuvel nie. Sy het hom lankal gehoor. (omdat) (1)

_____

_____

4.6 Wat beteken die **uitdrukking**, “die skrik op die lyf jaag”? (1)

_____

_____

4.7 Skryf die volgende sin oor en voeg al die **hoofletters en leestekens** by: (2)

Mevrou jakkals sê Ek sou bang gewees het, maar ek het jou gebalk in die verte gehoor.

_____

_____

4.8 Watter **soort sin** is die volgende? Onderstreep die regte antwoord. (1)

Moenie voorgee om iemand te wees wat jy nie is nie.

A Stelsin
B Vraagsin
C Bevelsin
D Uitroepsin

4.9 Onderstreep die korrekte woord tussen hakies. **(Homofone)** (1)

Mense dink oor die algemeen dat donkies (lui, ly, lei) diere is.

[10]

Kopiereg voorbehou